NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

**08 Junie 2018**
**Nr 19/2018**

## Warm nuus!

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Nuwe struktuur - Francois Sieberhagen** skryf die volgende:

  "*Soos in en met enige organisasie vind daar maar van tyd tot veranderinge plaas en kom en gaan personeel. Ek het die voorreg gehad om die afgelope klompie jare in die Noordelike Sinode werksaam te wees. Hier is ek hartlik deur gemeentes ontvang en het vrye toegang gehad tot kansels om die saak van die Bybelgenootskap te stel. Iets waaroor ek leraars, kerkrade en gemeentes baie dank verskuldig is.*
  *Ek is intussen gevra om my werkskring te verskuif na ons Hoofkantoor en twee nuwe persone kom in my plek,* ***ds Danie Ueckermann*** *[Noordelike Sinode] en ds Charl de Kock [Oostelike Sinode]. Hierdie broers gaan die werk op 'n deeltydse basis hanteer…."* **[Lees die volledige inligting hier…]**

- **Taakspan Missionaliteit**

Persone wat graag op hierdie taakspan wil dien, kan die taakspanleier, *Hannes Bezuidenhout*, kontak by hannes@ngnoord.co.za of skakel by 083 382 1275.

## Sinodenuus

By wie pak jy af?
Pak af vóór jy oppak...
Het jý iemand om jou hart mee te deel?
Spieël jou vrae en idees...
*Hou hierdie spasie dop!*
**Die nuwe Taakspan vir Mentoraat het groot planne!!**

- **Vroeë Kind Ontwikkeling (VKO) – Opname**

Die Algemene Sinode se Missionêre Diakonaat is tans besig met 'n opname om inligting in te samel in verband met enige inisiatiewe ten opsigte van ***Vroeë Kind Ontwikkeling (VKO)***.
**Versoek: Marinda van Niekerk** versoek dat persone wat betrokke is by VKO projekte in die Noordelike Sinode asseblief dié inligting so spoedig moontlik aan hermien@noordsin.co.za sal stuur.

## ❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op **12 Junie 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
**Skriflesing**: **1 Samuel 16:1-13**
**Navrae:** Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

## ❖ Winterhoop 2018

**Nasionale Winterhoopverldtog reeds in sy 18de jaar**

Die alombekende Winterhoopveldtog, sal weer vanaf ***1-30 Junie 2018*** plaasvind. Dié landswye projek, is reeds in sy 18e bestaansjaar en word deur PEN, MES, Isinkwa Setheku en Torings van Hoop, in samewerking met verskeie kerke en welsynsorganisasies aangebied. **[Lees hier verder… ook hoe jy betrokke kan raak]**.

## ❖ Survivorkamp: Vir alle graad 8 en 9's (Badseloop)

**Datum**: **Maandag 25 Junie - Vrydag 29 Junie 2018**
**Waar**: BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong).
**Koste:** R700 per persoon.
**Navrae**: Skakel gerus die kampleier ds Jacques Erasmus [072 653 9845; e-pos: ds.jacques.erasmus@gmail.com]
**Inskrywingsvorms** is hier beskikbaar!
**Sluitingsdatum vir inskrywings is: 15 Junie 2018!!**

# Kolleganuus

## ❖ Innige simpatie

**Jan en Magda Pretorius** [Louis Trichardt] se seun, **Armando (41)** is Maandag oorlede. Hulle neem Sondag om 11:30 van hom afskeid.

## ❖ Baie geluk

- **Pieter Visser** [Wierdapark] het sy doktorsgraad tydens die gradeplegtigheid van die NWU ontvang.
- **Wynand en Elmien van Niekerk** [Monumentpark] met die geboorte van hul eersteling, Simoné.
- **Danie Ueckerman** [Nylstroom-Oos] is aangestel as deeltydse *Organiserende Sekretaris* van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika met ingang ***1 Julie 2018***. **[Lees die volledige inligting hier…]**

## ❖ Hospitaal

**Attie Nel** [Waverley] ondergaan 'n atroskopie van sy heup.

## ❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

10/06 Leon van Heerden [Emeritus, 083 660 1803, leonvh1600@gmail.com]
11/06 Hennie Pieterse [Emeritus, pieterhjc@absamail.co.za]
12/06 Francois Esterhuizen [Raslouw, 082 786 9674, francoisest@xsinet.co.za]
13/06 Gerrit Cloete [Emeritus, 082 334 8641, gerritsinode@gmail.com]
Johan Jooste [Emeritus, 072 555 0300, johanmjooste@gmail.com]
14/06 Pieter de Wet [Wespoort, 082 475 7944, phdewet@live.com]
Heinrich Carstens [Overkruin, 083 566 1490, heinrich.carstens@icloud.com]
Willus Knipe [Emeritus, 082 447 1297, willus.knipe@gmail.com]
Pieter Viljoen [Doornpoort, 082 853 8371, viljoen.pa@gmail.com]

15/06 Edith Myburgh [Wierdapark, 012-654 3196, canismyburgh@gmail.com]

# Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
**Waterkloofrif** [Gestig: 11/06/1984]
**Waterberg** [Gestig: 14/06/1854]
**Zambië (Lusaka)** [Gestig: 16/06/1919]
**Capital Park-Concordia** [Gestig: 16/06/1941]

❖ **Haakdoorn: Basaar soos in jou kinderdae!**
**Datum:** ***9 Junie 2018*** vanaf 09:00
Ontbyt met pap en kaiings of melkkos om 08:00; vetkoek en koffie; pannekoek; tuisgebakte koeke, koekies en brood; naaldwerk en fudge, beste boerewors en beskuit; skyfskiet; sumo stoei en nog vele meer!!
**Navrae**: nghaak@telkomsa.net
**Adres:** GPS: 25°36'11"S 28°09'42"O

❖ **Dalunie: Viering van 90ste verjaardag** [Gestig: 20 Junie 1928]
Op Saterdag ***16 Junie 2018*** vier hulle die mylpaal en die tema is *"Van Toeka Tot Nou"*. Die geleentheid skop vroeg af met 'n volley ball wedstryd. Om 13:00 eet hulle potjiekos en om 14:00 begin die "konsert" - Van Toeka tot Nou. Dit gaan in drie verskillende fases afspeel. 'n Draaiboek is geskryf en beloof om baie pret te wees en baie insiggewend.
**Navrae**: Nellie Smit, 082 900 5003

❖ **Overkruin: Wen 'n jagpakket by die Kaiingfees!!**
'n Jagpakket ter waarde van R19 300.00 word aan die gelukkige wenner oorhandig. Dit is geldig vir enige naweek gedurende Augustus 2018.
***Slegs 200 kaartjies*** *is beskikbaar teen R200.00 per inskrywing*.
Die wenner sal getrek word by die **Hervormde Kerk Wonderboom se Kaiingfees** op ***28 Julie 2018*** om 12:00 op die kerkterrein [Marjoramlaan 84, Wonderboom]
**Vir meer inligting** kontak 082 459 1474.

❖ **Jan Niemandpark: Kraakvars Classics**
'n Lig-klassieke produksie vir die kieskeurige musiekliefhebber met verskeie gaskunstenaars en die Capital Filharmoniese Orkes onder leiding van Schalk van der Merwe.
**Datum**: Sondag, ***26 Augustus 2018*** om 16:00
**Waar**: Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark.
**Kaartjies**: 083 289 1869, danievr@lantic.net @ R200-R250.

# Ander nuus

❖ **Excelsus: Kursusse**

- **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing 2018**
  Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing geloods.
  Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf **180 VBO-punte** (dws 60 punte per jaar).
  Die voorlopige datums vir die eerste twee modules is:
  ***6-8 Augustus 2018***: *Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan*, en
  ***9-11 Oktober 2018***: *Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?*
  ➢ Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00). **[Lees die volledige inligting hier…]**

- **Brugbediening**

**Doel**: *Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brug predikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.*
**Week 1:** ***20-23 Augustus 2018***
**Week 2:** ***5-8 November 2018***
**Kursusleier:** Prof Malan Nel
**Kursuskoste:** R2 200(VAT inkl)
**Plek:** Universiteit van Pretoria
**Kursuspunte:** 70
**Registrasie/inskrywing**: Kontak gerus vir Hesmarie by 012 420 4952.

❖ **Hugenote Kollege: Pionierkursus**

**Inskrywing vir Pionierkursus van Hugenote Kollege wat in Julie 2018 in Pretoria/Johannesburg begin.**
Die vorming en ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe wat bestaande gemeentes laat groei of tot nuwe gemeentes kan lei, is 'n kernaspek van missionale kerkwees. Die Pionierkursus van Hugenote Kollege wil gemeentes bystaan met die opleiding en begeleiding van leiers van spanne wat verhoudinge met nie-Christene bou, die evangelie aan hulle verkondig en hulle in die konteks van 'n nuwe geloofsgemeenskap dissipel. Hierdie nuwe geloofsgemeenskappe kan op sy beurt inskakel by bestaande gemeentes of tot nuwe gemeentes ontwikkel.
**Inskrywingsvorms** is beskikbaar by rvanvelden@hugenote.com.
**Kontak** Dr. R van Velden vir meer inligting**:** rvanvelden@hugenote.com; 0828574368

❖ **Nuusbriewe**

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]

- **CLF-nuus -** Baie gemeentes is bereid om groepe mense te besoek en vir hulle te preek. Baie mense het egter nie die kennis nie en is onervare om 'n sinvolle preek op te stel. Hierdie bundel ("Practical messages for small groups) se boodskappe kan vir sommige ouderlinge of gemeenteleiers baie nuttig wees. **[Lees die artikel hier]**

- **RampUp: "Persone met gestremdheid ook tuis in die kerk"**
  1) Waar begin mens om die proses van insluiting in jou kerk? Hier is jou antwoord: Eerste stappe na 'n toeganklike kerk vir gestremdes.
  2) Persone met *Outisme* kan ook ingesluit word in 'n geloofsgemeenskap. Op die RampUp webwerf is n dokument wat goeie inligting gee in die verband. Wees verseker dat dit moontlik is om 'n sinvolle verhouding te bou met persone met outisme wat kan lei tot n nuwe dimensie van insluiting in jou kerk. Sien Persone met outisme ook welkom in ons kerk.

  Besoek die webwerf: www.rampup.co.za

## Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- SDR [Sinodale Diensraad] vergadering – 15 Junie 2018.
- Dankie vir die reën in die Kaap. [Op *Dinsdag 5 Junie 2018 was die gemiddelde damvlakke 23,83%.*]
- Biddag vir Jeug en Kategese [10 Junie 2018].
- Algemene verkiesing in Zimbabwe [30 Julie 2018].

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Pierneef**: **Vakature**: **Deeltydse Jeugwerker** [Kontraktermyn: 1 jaar]
Die suksesvolle kanidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering van die jeugbediening van Voorskoolse- tot Hoërskoolkinders in samewerking met die Kerkraad en die Predikant.

**Pligte behels onderandere:** Om deel van span te wees wat Kinderkerk (Gr 0-3 & Gr 4-5) op Sondae aanbied gedurende die erediens; Organisering en voorbereiding van lesmateriaal (Gr 0-10) insamewerking met die predikant; Die Jeug blootstelling te gee aan diensbaarheidsaksies/uitreike; Reël van kampe; Vrywilligers te werf vir die kinderbediening; Ander verwante take
**Aansoeke**: Rig alle CV's aan: kantoor@ngkpierneef.co.za
**Sluitingsdatum**: *30 Junie 2018.*
**Aanstellingsdatum**: ***17 Julie 2018***
**Navrae**: Ds Paullet Grobler (076 841 1568) of die Kerkkantoor (072 137 4407)

## ❖ UP Fakulteit Teologie:

- **Gelegitimeerde proponent 2016**
  ***Bernard Barnard*** [072 275 7392, bernard.barnard@hotmail.com]
  ***Eddie Brown*** [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  ***Berenice Esterhuyzen*** [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  ***Danielle Laubscher*** [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]
  ***Dirk Steyn*** [079 023 8539, dircoeste@gmail.com]
  ***Stanwin Street*** [079 525 5695, stanwins@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

## ❖ Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei

***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

## Ten slotte



# BYLAES

## Bybelgenootskap van Suid-Afrika

### Deeltydse organiserende skribas

5 Junie 2018

Geagte ds Grobler en kollegas

Soos in en met enige organisasie vind daar maar van tyd tot veranderinge plaas en kom en gaan personeel. Ek het die voorreg gehad om die afgelope klompie jare in die Noordelike Sinode werksaam te wees. Hier is ek hartlik deur gemeentes ontvang en het vrye toegang gehad tot kansels om die saak van die Bybelgenootskap te stel. Iets waaroor ek leraars, kerkrade en gemeentes baie dank verskuldig is.

Ek is intussen gevra om my werkskring te verskuif na ons Hoofkantoor en twee nuwe persone kom in my plek, ds Danie Ueckermann [Noordelike Sinode] en ds Charl de Kock [Oostelike Sinode]. Hierdie broers gaan die werk op ‘n deeltydse basis hanteer

Ds. Ueckerman begin 1 Julie as deeltydse Organiserende Sekretaris werk en hierdie taak neem hy aan addisioneel tot sy huidige werksaamhede. Danie het ‘n hart vir die Bybel en Bybelverspreiding en ek is daarvan oortuig dat u goeie aanklank by hom sal vind.

Alle afsprake soos reeds gemaak is sal nagekom word en hy sal u kontak om die finale reëlings te tref soos gebruiklik.

Kontak Danie gerus by ueckermann@biblesociety.co.za of deur die sekretaresse, Marina Stebbing by stebbing@biblesociety.co.za Hulle saam sal alle versoeke en navrae beantwoord.

Nogmaals dankie vir al die ondersteuning en kollegialiteit wat my die afgelope klompie jare toebedeel is.

Seënwense

Dr CF Sieberhagen
**ORGANISERENDE SEKRETARIS**
**NOORDELIKE EN OOSTELIKE SINODE**
sieberhagen@biblesociety.co.za

Terug

## Winterhoop 2018

### Nasionale Winterhoopverldtog reeds in sy 18de jaar

Die alombekende Winterhoopveldtog, sal weer vanaf ***1-30 Junie 2018*** plaasvind. Lede van die publiek word aangemoedig om hoofsaaklik met die insameling van warm wintersklere, komberse en voedsel te help, asook om by plaaslike skuilingsinisiatiewe betrokke te raak.

Dié landswye projek, is reeds in sy 18e bestaansjaar en word deur PEN, MES, Isinkwa Setheku en Torings van Hoop, in samewerking met verskeie kerke en welsynsorganisasies aangebied.

“Die koue wintermaande in ons land, bly besonders uitdagend vir arm gesinne en die hawelose persoon op straat. ‘n Groot behoefte bestaan vir veral skuiling, warm klere en kos. Met die Winterhoopveldtog, probeer ons om hierdie nood in ons land, op ‘n praktiese manier aan te spreek,” sê Alan Childs, CEO van MES.

"Die fokus van die projek val op verskeie stede soos Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein, asook kleiner dorpe, binne die land se streke. Laasjaar het die veldtog meer as 4000 komberse en bykans 1500 musse ingesamel. Ongeveer 5000 inkopiesakkies, gevul met 'n verskeidenheid van klere en nie-bederfbare kos, is ook deur die veldtog ontvang. Skuiling is aan 2709 hulpbehoewendes in dié periode verskaf."

Alan sluit af: "Namens al die deelnemende welsynsorganisasies en kerke, wil ek u graag aanmoedig om hierdie winter, ons hande te help sterk maak, deur by die verligting van nood in u samelewing betrokke te raak. Saam kan ons hoop 'n werklikheid maak.

Kontantdonasies is welkom en kan in die volgende Winterhoopbankrekening inbetaal word:
Winterhoop
ABSA, 632005
Spaarrekening
906 892 5251

- 'n Fasiliteit bestaan ook vir Snapscan donasies.

Vir meer inligting, oor die spesifieke behoeftes van die veldtog en die verskeie aflaaipunte, besoek gerus die webwerf: www.winterhoop.org, gaan na die Facebookblad: @Winterhoop of skakel Aloma Swanepoel – 011 024 4580 / winterhoop@mes.org.za.

Terug

## CLF NUUS

### "Practical Messages for small groups – guidelines for Christian Leaders"

*Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? (Rom 10:14)*

Daar is baie geleenthede om die Woord van God aan mense te verkondig. Baie gemeentes is bereid om groepe mense te besoek en vir hulle te preek. Baie mense het egter nie die kennis nie en is onervare om 'n sinvolle preek op te stel. Soms het hulle nie die geleentheid om opgelei te word in die kuns van die voorbereiding en lewering van 'n boodskap nie. Hierdie bundel boodskappe kan sulke kerkleiers help om die Woord van God met hulle mede-Christene te deel.
Die skrywer sal baie dankbaar wees as hierdie boodskappe vir sommige ouderlinge of gemeenteleiers van nut kan wees om 'n bydrae te kan lewer tot die uitdra van die evangelie.

**Vir verdere navrae of bestellings**, skakel 021 8736964, besoek ons webtuiste by www.clf.co.za of besoek ons kantore in Oude Pont straat 19, Wellington Nywerheidspark, Wellington. *Posgeld uitgesluit.

**CLF literatuur nou elektronies beskikbaar -** Laai vandag nog CLF se gratis toepassing (app) af om ons pamfletinhoud gemaklik te kan lees, boekmerk en deel. Jy het nou die unieke geleentheid om verskeie kwaliteitpublikasies gratis op jou slimfoon of tablet af te laai. Die app sal jou ook toegang gee tot verskeie ander hulpbronne en aanvullende produkte. Hierdie is 'n unieke geleentheid wat jy nie mag misloop nie! Besoek gerus jou aanlynwinkel (Google Play of iStore), tik "CLF" in die soekblokkie en laai die app gratis af.

Terug

## Excelsus
## Sertifikaat in Bedieningsvernuwing 2018

*André Bartlett [Hoof: Excelsus] skryf soos volg:*
Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie en Religie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedienings-vernuwing** geloods.

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.

Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. (Sien die bekendstellingspamflet). Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.

Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 875-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 625-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 875-00) betaal word.

Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

Die eerste jaargroep het in 2014 met die eerste drie modules begin en het in 2016 die laaste modules afgehandel. Die tweede jaargroep het in 2015 begin met die eerste drie modules en het vanjaar die laaste modules afgehandel. Die derde jaargroep het in 2017 begin en het reeds die eerste drie modules afgehandel.

Ons is besig om 'n vierde groep predikante saam te stel wat in 2018 met die eerste 2 modules sal begin.

Die voorlopige datums vir die eerste twee modules is

- ***6-8 Augustus 2018***: Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan, en
- ***9-11 Oktober 2018***: Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00) of die aangehegte inskrywingsvorm voltooi en aanstuur na excelsus@up.ac.za.

# VBO nuut en geïntegreerd

**Sertifikaat in Bedieningsvernuwing ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met Communitas, Excelsus en *Shepherd***

## Nege modules versprei oor 3 jaar:

| | |
|---|---|
| **Jaar 1** | |
| **Module 1** | Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan |
| **Module 2** | Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord? |
| **Module 3** | Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie |
| **Jaar 2** | |
| **Module 4** | Oor Identiteit – wie is ons en waar pas ons in? |
| **Module 5** | Oor Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk |
| **Module 6** | Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens |
| **Jaar 3** | |
| **Module 7** | Oor Missionêre Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping |
| **Module 8** | Oor die Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel |
| **Module 9** | Oor Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk |

*Verwerf **180** VBO-punte (60 punte per jaar)*

**Die eerste twee modules word op die volgende datums in Pretoria aangebied:**

- Module 1 6-8 Augustus 2018
- Module 2 9-11 Oktober 2018

**Koste: R875,00 per module (R7 875,00 vir die volle 3 jaar)**

**Vir meer besonderhede kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738**

Terug